

<p><b>Kunste</b></p> <p>In A+ Skole word die kunste:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• daaglikse ervaar deur onderrig, integrasie en blootstelling</li> <li>• uitgebrei om drama, dans, musiek, beeldende kunste, kreatiewe skryfwerk en mediakunste in te sluit</li> <li>• ingesluit in kurrikulumbeplanning en -ontwerp</li> <li>• geïntegreer met alle vakgebiede</li> <li>• waardevol geag en gesien as essensieel vir kreatiwiteit, leer en persoonlike ervarings</li> <li>• deel gemaak van die skool se interne en eksterne identiteit</li> </ul>	<p><b>Kurrikulum</b></p> <p>In A+ Skole word kurrikulum aangespreek deur:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• onderwysers se vaardighede in doeltreffende en betrokke onderwys te ontwikkel</li> <li>• voortgesette kurrikulumverkenning en -beplanning</li> <li>• doelbewuste tweerigtingintegrasie van die kunste en ander dissiplines</li> <li>• horisontale en vertikale gerigtheid van standaarde</li> <li>• versterkte konseptuele konneksies</li> <li>• medewerking in die ontwikkeling van geïntegreerde lesse en eenhede</li> </ul>	<p><b>Meervoudige leerroetes</b></p> <p>In A+ Skole word meervoudige leerroetes verreken deur:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die teorie en praktyk van Meervoudige Intelligensies (MI)</li> <li>• breinnavorsing en bringebaseerde filosofieë</li> <li>• te fokus op die bou van een-en-twintigste-eeuse en hoër orde denkvaardighede</li> <li>• leergeleenthede te skep en te balanseer om die hele kind te ondersteun</li> <li>• doelbewuste geleenthede te skep vir leerders, families en gemeenskappe om te verstaan hoe mense leer</li> </ul>	<p><b>Ervaringsleer</b></p> <p>In A+ Skole beteken ervaringsleer:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die skep van leerderbetrokkenheid</li> <li>• kunsgebaseerde en praktiese leerervarings</li> <li>• die daarstelling van geïntegreerde en outentieke konneksies met werklike toepassings</li> <li>• die modellering van die kreatiewe proses en ontdekkende leer</li> <li>• toelating vir die verstaan van ingangspunte en gedifferensieerde onderrig</li> <li>• veelvlakkige assesseringsgeleenthede</li> </ul>
<p><b>Verrykte assessering</b></p> <p>In A+ Skole is verrykte assessering:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n reflektiewe praktyk met die oog op leer</li> <li>• die insluiting van kunste en meervoudige leerroetes</li> <li>• 'n voortgesette, geïntegreerde, ervaringsgerigte en medewerkende praktyk</li> <li>• 'n selfevalueringshulpmiddel vir onderwysers en leerders en help om aan skoolstelselvereistes te voldoen</li> <li>• instrumenteel daartoe om 'n omvattende beeld te verkry van leerders se begrip</li> </ul>	<p><b>Medewerking</b></p> <p>In A+ Skole word medewerking:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• waardevol geag en is dit doelbewus</li> <li>• aangemoedig deur administrasie en leerkragte</li> <li>• vooropgestel deur tyd te maak vir klaskamer- en spesiale vakonderwysers om saam te beplan</li> <li>• deurentyd en op baie maniere deur die dag ervaar</li> <li>• gebruik om verhoudings binne en buite die skoolgemeenskap te bou</li> </ul>	<p><b>Infrastruktuur</b></p> <p>In A+ Skole word infrastruktuur aangewend om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die A+ filosofie te ondersteun</li> <li>• ondersteunende en gedeelde leierskap aan te moedig</li> <li>• daaglikse logistiek ten opsigte van medewerking aan te spreek</li> <li>• tyd, ruimte en hulpbronne vir implementering te voorsien</li> <li>• deurentyd 'n gedeelde visie te handhaaf en leerkragte se verbintenisse te ontwikkel</li> <li>• relevante professionele ontwikkeling en mentorskap te voorsien</li> <li>• op elke vlak steun te bied</li> </ul>	<p><b>Atmosfeer</b></p> <p>In A+ Skole word atmosfeer bevorder deur:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die uitbou van vaardighede wat 'n respekvolle en ondersteunende omgewing skep</li> <li>• die ontwikkeling van 'n kreatiewe gemeenskap wat prettig en aangenaam is vir onderwysers en leerders</li> <li>• 'n fokus op lewenslange leer vir die hele skoolgemeenskap</li> <li>• die nastreef van 'n gemeenskaplike visie en gedeelte besluitneming</li> <li>• die praktyk van deel en vier</li> </ul>